Wie is hierdie lote wat nie vrug dra nie?

_____

Kan jy iets doen om die pyn van die snoeiproses meer draaglik te maak? _____

_____

Wat is die vrug wat God van ons verlang?

Volgens :7? _____

:8 _____

:9 _____

:10 _____

Die Here Jesus sou binne ure wreed van sy dissipels weggeskeur word. Wat dink jy wil hy by sy dissipels tuisbring deur vir oulaas die gelykenis te vertel?

_____

_____

Let op hoeveel keer die Here die gedagte van “bly in my en ek in hom” herhaal. Wat wil Hy daardeur sê?

_____

_____

Wat is die implikasie van vers 4: Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

_____

_____



Mens tot mens

Onthou jy hoe belangrik liefde vir mekaar geag word as een van die vrug wat Jesus verwag? - Wat kan julle groep doen dat julle selfs meer liefde onder mekaar vertoon?

Bid vir mekaar.

Skakel gerus met enige van ons leraars as jy bemoediging nodig het:

Ds Piet Hattingh:

013-282-6329, 083-453-1488

Ds Jaco van Rooyen

013-243-4082, 079-494-0091

Die wingerdstok en die lote

Nederduitste Gereformeerde Gemeente Middelburg

Tel: 013-282-7153
kantoor@witkerk.co.za



Mens tot mens

Deel 'n waarheid wat jy in die afgelope week in jou stiltetyd geleer het met die groep.

Is daar iets daadwerklik waarvoor die groep vir jou kan bid? Gesels so openlik as moontlik daaroor en bid vir mekaar.



Mens tot God

Sing lied 273 saam:

Laat my met U verenig lewe

Laat my met U verenig lewe,
U wat die ware wynstok is;
u krag gee my voortdurend lewe,
bewaar my van verderfenis.
Deurstroom, besiel en seën my
sodat ek altyd vrugbaar bly.

Bid saam dat julle die Here se stem duidelik uit Sy Woord sal hoor.



God tot mens

Lees Johannes 15:1-8

Volgens Johannes 14:31 speel hierdie gebeure af nadat Jesus en die dissipels die bovertrek verlaat het. Hulle was op pad na die tuin van Getsemané. Hoe stel jy jou die omstandighede voor waartydens Jesus sy laaste gelykenis met sy dissipels deel.

Ek is die ware wingerdstok

Daar was 'n tyd wat God ook na Israel verwys het as sy wingerd. Lees Jesaja 5: 1-7 om te sien hoe God oor hulle voel.

_____

Wat beteken dit dat Jesus nou na Homself as die "ware wingerdstok" verwys?

_____

Watter betrekking het dit dat Jesus ook na Homself verwys as die "brood van die lewe" Joh 6:35; "die lig van die wêreld" Joh 8:21; die "hek vir die skape" Joh 10:5; die opstanding en die lewe Joh 11:25; die "weg, die waarheid en die lewe" Joh 14:6?

_____

_____

Hoe verstaan jy Jesus se woorde in vers 5: "sonder My kan julle niks doen nie..."

_____

_____

Julle is die lote

Wat is die waarde van 'n loot wat nie aan die stam verbind is nie? _____

_____

Wat is die uitsluitlike doel van 'n loot?

_____

My Vader is die boer

Wat verwag die boer van sy wingerd?

_____

Is die boer geregtig op so 'n verwagting? (:8) _____

Waarom is vrug so belangrik? Lukas 6: 43-45 _____

Wat doen die boer dat sy wingerd maksimum vrug dra? _____

_____

Gesels met mekaar hoe julle God se snoeiwerk in julle lewe ervaar. _____

_____

Wat doen die boer met die lote wat nie vrug dra nie? _____